

27 Oktober - STOF

Skrifgedeelte: Genesis 3:14-19
Fokusgedeelte: Genesis 3:15 en 19

Ná die sondeval-gebeure vind ons die sterf-refrein in die Bybel. Almal sterf. En tog het die vroegste gelowiges reeds oor die graf heen gekyk en God se toekoms vir ons gesien. Dit is nie vanselfsprekend dat hulle 'n ewigheidsperspektief gehad het nie, want die straf op die sonde was stof-tot-stof; alles tevergeefs. Geen toekoms!

God het die mens geskep met kennis en onderskeidingsvermoë tussen goed en kwaad: hulle moes oor die skepping heers, name gee. Hulle kon dit doen. Hulle het ook geweet dit is sonde om God se gebod te verbreek. Die boom het hierdie kennis nie as 'n substans vir hulle ingegee nie. Die duiwel het gelieg met die sensasionele aankondiging dat hulle iets nuuts sal vind indien hulle daarvan eet. Deur die verleiding oortree hulle. Hulle oefen hulle vermoë los van God uit, buite verhouding met Hom. Hulle het nie soos God geword nie, maar tree soos God op: onafhanklik. Die duiwel het die waarheid verdraai.

Die benouende is dat die mens wat sy mag en vermoë (vgl. Ps 8) buite verhouding met God uitoefen, 'n slaaf van die bose en die dood word. Eindig in stof, dit waaruit hy geneem is. Waarlik, alles tevergeefs as jy nie weet hoe afhanklik jy van God is nie.

Selfs in die oordeel maak die Here hier vir die mens die deur van geloof oop. Wonderbaarlik klink die kiemsel van die evangelie: haar nageslag sal sy kop vermorsel. Hierdie Verteenwoordiger word al hoe duideliker – deur die profete, die wegbereider, tot uiteindelik met die dood (hakskeenbyt) en oorwinning deur Jesus. Maar Hy moes sterf vir ons onafhanklikheidstrewes, Hy moes die vloek van stof-wees dra.

Nou kan jy nie meer leef sodat jy *eet en drink en vrolik wees ... want more sterf jy* nie. Nou hoef jy nie meer by jou geliefde se graf te sê: Tot stof sal jy terugkeer nie. Nou kan jy opkyk by die graf en die toekoms in kyk – vir jouself, vir jou gelowige geliefde. Nou is die graf 'n wegbêre om in God se môre daaruit op te staan. Daarom is jou siekbed, die kankeraankondiging, nie 'n wanhoopsdag nie. Die Here leef.

Sing: Psalm 146:1, 3, 8 (1936-beryming); Psalm 118:1, 2 (2001-omdigting)

Ds J Malan (Burgersdorp)